

4e Gents Colloquium over het Afrikaans

10 en 11 oktober 2017



Research Foundation
Flanders
Opening new horizons



Universiteit Gent en
Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika

Inhoud

Programma	2
Keynote lezingen	4
Hendricks, Frank: Die hervorming van Standaardafrikaans en die elfde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls.....	5
Foster, Ronel: Van VOC-verversingspos tot V&A Waterfront, en verder: Die representasie van die Kaap in geselekteerde gedigte.....	6
Gouws, Rufus H.: Oor ANNA en ander andershede in die Afrikaanse leksikografie	7
Abstracts taalkunde	8
Luther, Jana en van Huyssteen, Gerhard: Elektroniese woordeboeke en die Afrikaanse gemeenskap	9
van der Merwe, Michele en van der Merwe, Esmare: Die korpusamestelling vir die skryf van 'n veeltalige funksiegebaseerde selfoonvakwoordeboek.....	10
de Schryver, Gilles-Maurice en Prinsloo, Danie: Twee corpus-gedreven woordenboeklinialen en Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal	12
Abstracts letterkunde	14
Visagie, Andries: Kosmopolitanisme en die stad in Al die lieflike dade (2014) van Charl-Pierre Naudé.....	15
Burger, Bibi: Die verhoudings tussen die menslike en die nie-menslike in Kaapstad, soos uitgebeeld in Siegfried (2007) deur Willem Anker	16
Engels, Laura: "The city is going to bear witness": de afrofuturistische stad als ruimte van verzet in Lauren Beukes' Moxyland (2009).....	17
Drwal, Malgorzata: De Voortrekervrou in de stad of de Zuid-Afrikaanse Nieuwe Vrouw.....	18
van der Waal, Margriet: Die stad, die speurder en sosiale geografie van Suid-Afrika: die uitbeelding van sosiale identiteit in 'n stedelike konteks in die werk van Deon Meyer.....	19
Loots, Sonja: Stad, ekosofie en kennisekologieë in die prosa-oeuvre van Marlène van Niekerk.....	21
Wifi-informatie.....	22
Deelnemerslijst.....	23

Programma

Dinsdag 10 oktober

Jozef Plateauzaal, Universiteit Gent, J. Plateaustraat 22, 9000 Gent

- 15u Inhuldiging van de Leerstoel Zuid-Afrika: Talen, Literaturen, Cultuur en Maatschappij, met inaugurele rede door prof. Hein Willemse (Universiteit van Pretoria)

Aula van de Universiteit Gent, Voldersstraat 9, 9000 Gent

- 19u30 Jaarlijkse Mandela Lezing van de UGent met Katrien Vanderschoot als moderator en muzikale omkadering door Sioen
Tom Lanoye in gesprek met Antjie Krog over de rol van Nelson Mandela in Zuid-Afrika en de wereld vandaag

Woensdag 11 oktober

Jozef Plateauzaal, Universiteit Gent, J. Plateaustraat 22, 9000 Gent

- 8u30 Registratie en koffie
- 9u Opening door Jacques Van Keymeulen, Yves T'Sjoen en Annelies Verdoollaeghe
- 9u10 Keynote lezing door Frank Hendricks (Universiteit van West-Kaapland)
Die hervorming van Standaardafrikaans en die elfde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls
- 10u **Sessie 1: 3 lezingen binnen de taalkundige thematiek van het colloquium**
10u Jana Luther en Gerhard van Huyssteen (Noordwes-Universiteit)
Elektroniese woordeboeke en die Afrikaanse gemeenskap
- 10u30 Michele van der Merwe & Esmare van der Merwe (Universiteit Stellenbosch)
Die korpusseamestelling vir die skryf van 'n veeltalige funksiegebaseerde selfoonvakwoordeboek
- 11u Gilles-Maurice de Schryver (Universiteit Gent) en Danie Prinsloo (Universiteit van Pretoria)
Twee corpus-gedreven woordenboeklinialen en Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal
- 11u30 Koffie
- 12u Keynote lezing door Ronel Foster (Universiteit Stellenbosch)
Van VOC-verversingspos tot V&A Waterfront, en verder: Die representasie van die Kaap in geselekteerde gedigte
- 13u Lunch

- 14u **Sessie 2: 3 lezingen binnen de letterkundige thematiek van het colloquium**
14u Andries Visagie (Universiteit Stellenbosch)
Kosmopolitanisme en die stad in Al die lieflike dade (2014) van Charl-Pierre Naudé
- 14u30 Bibi Burger (Universiteit van Pretoria)
Die verhoudings tussen die menslike en die nie-menslike in Kaapstad, soos uitgebeeld in Siegfried (2007) deur Willem Anker
- 15u Laura Engels (Universiteit Gent)
"The city is going to bear witness": de afrofuturistische stad als ruimte van verzet in Lauren Beukes' Moxyland (2009)
- 15u30 Koffie
- 16u **Sessie 3: 3 lezingen binnen de letterkundige thematiek van het colloquium**
16u Małgorzata Drwal (Adam Mickiewicz Universiteit)
De Voortrekkerfrau in de stad of de Zuid-Afrikaanse Nieuwe Vrouw
- 16u30 Margriet van der Waal (Universiteit van Groningen)
Die stad, die speurder en sosiale geografie van Suid-Afrika: die uitbeelding van sosiale identiteit in 'n stedelike konteks in die werk van Deon Meyer
- 17u Sonja Loots (University of Cape Town)
Stad, ekosofie en kennisekologieë in die prosa-oeuvre van Marlène van Niekerk
- 17u30 Keynote lezing door Rufus Gouws (Universiteit Stellenbosch)
Oor ANNA en ander andershede in die Afrikaanse leksikografie
- 18u30 Receptie
- Het Pand, Onderbergen 1, 9000 Gent**
20u Congresdiner in het Het Pand

Keynote lezingen

Die hervorming van Standaardafrikaans en die elfde uitgawe van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls

Hendricks, Frank (Universiteit van Wes-Kaapland)

Die loodsing van die elfde uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (kortom: AWS 11) op 3 Augustus 2017 te Kaapstad was 'n historiese geleentheid, en wel omdat hierdie werk van bykans 800 bladsye die éeuveesuitgawe van die AWS as "Afrikaans se oudste lewende taalhulpbron" verteenwoordig. 'n Kardinale aspek omtrent AWS 11 is die feit dat 'n beduidende aantal leksikale items uit twee van die histories gemarginaliseerde kleurvariëteite van Afrikaans, t.w. Kaaps en Oranjerivierafrkaans, in die WOORDELYSAFDELING opgeneem is. (Die opneem van items uit Kaaps behels die voortsetting van 'n proses wat reeds met AWS 10 van 2009 in werking gestel is.) Deur die opname van items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans plaas AWS 11 in essensie die offisiële stempel op die erkenning van hierdie twee variëteite as geldige voedingsbronne vir Standaardafrikaans.

Nuwe Kaapse leksikale items is onder meer:

afbene (*platsak*), **awê of aveh**, **dhaltjie** (*soort gereg*), **dikding** (*bendeleiei*), **gatta** (*polisiebeampte*), **ghoemahare** (*spookasem*), **kwaailappies** (*goed*), **mang** (*die tronk*), **mang** (*in die tronk vertoef*), **mittedjale** (*speserymengsel*), **mol** (*vorentoe stoei in skare*), **papgeld** (*onderhoudsgeld*), **skanghagha** (*in die haak*), **tjoef** (*die dwelm tik gebruik*), **tjoef** (*soort dwelm*).

Leksikale items uit Oranjerivierafrkaans is onder meer die volgende:

aans (tesame met die wisselvorm **aanstons**), **groos** (*trots*), **onbruikbaar** (*stout*), **onlekker** (*sleg, siekerig*), **sibbie ofsiebie** (*sagte reën*), **vaaldag** (*dagbreek*), **voorstebos** (*baie goed*)

Deur die benutting van Kaaps en Oranjerivierafrkaans as voedingsbronne vir Standaardafrikaans markeer AWS 11 in drie opsigte 'n belangrike paradigmkuif ten opsigte van die ortografiese normering van die Afrikaans taal. Eerstens staan AWS 11 in die teken van 'n historiese regstelling, en wel omdat dit juis hierdie twee variëteite is wat aan die begin van die twintigste eeu as potensiële stramien vir die standaardisering van Afrikaans gediskwalifiseer is. Tweedens staan AWS 11 in die teken van die demokratisering van Afrikaans omdat die opneem van items uit die kleurvariëteite van Afrikaans die blanksentriese aard van die huidige standaardvariëteit van Afrikaans wil teenwerk. Derdens staan AWS 11 in die teken van die hervorming en/of uitbreiding van die standaardvariëteit van Afrikaans – en derhalwe teenoor die idee om Afrikaans opnuut op die basis van 'n variëteit anders as Oostelike Afrikaans te wil herstandaardseer.

Makro-struktureel behels die onderhawige referaat 'n besinning oor aspekte soos die volgende:

- die proses onderliggend aan die seleksie van items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans vir opname
- die talige aard van items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans wat opgeneem is
- die wegbereiding vir, oftewel die skep van 'n teelaarde vir, die insluiting van items uit Kaaps en Oranjerivierafrkaans
- tersaaklike uitdagings vir die toekoms insake die verrekening van Kaaps en Oranjerivierafrkaans in die standaardisering van Afrikaans

Van VOC-verversingspos tot V&A Waterfront, en verder: Die representasie van die Kaap in geselekteerde gedigte

Foster, Ronel (Universiteit Stellenbosch)

In hierdie referaat kom enkele gedigte aan bod wat representasies van die Kaap bied: vanaf ongeveer die stigting van die verversingspos vir die VOC se skepe na en van die Ooste, tot die metropool soos ons dit vandag ken, asook die voorstede. 'n Min of meer chronologiese lyn word met sewemylarre gevolg, met klem op belangrike gebeurtenisse in die stad se geskiedenis, asook die invloed wat hierdie gebeurtenisse op kultuur- en identiteitskonfigurasies het. Die verskillende representasies het te doen met benoeming en naamgewing; beslaglegging en besitname; segregasie en grondonteiening; metaforisering; asook appropriëring en glokalisering. Gedigte van onder andere SJ du Toit, Wilma Stockenström, Loftus Marais en Ronelda Kamfer word betrek, asook rap-lirieke van Jack Parow. In al die geselekteerde gedigte gaan dit om opponerende situasies en houdings, waarby verontregting, onderdrukking en marginalisering 'n beduidende rol speel.

As teoretiese substraat benut ek onder meer die triademodel van die Franse filosoof en sosioloog Henri Lefebvre, uit sy baanbrekende werk *The production of space* (1991). Lefebvre tref 'n onderskeid tussen eerstens waargenome en ervaarde ruimtes; tweedens gerepresenteerde of gekonseptualiseerde ruimtes; en derdens beleefde of geleefde ruimtes, dit wil sê ruimtes van representasie. Die Brits-Amerikaanse geograaf David Harvey kombineer hierdie model met sy eie onderskeid tussen absolute, relatiewe en relasionele ruimtes. In sy artikel "Space as a keyword" (2006) sit Harvey die gekombineerde model uiteen, wat hy 'n drie-by-drie-matriks noem. Hierdie analitiese toerusting bied aan die ondersoeker die geleentheid om die dialektiese verhoudinge tussen verskeie stedelike entiteite op verskillende konseptuele vlakke te verken, om sodoende bepaalde kulturele en identiteitskonfigurasies te probeer verstaan – spesifiek wat betref verontregte, onderdrukte en gemarginaliseerde individue of groepe uit die Kaapse geskiedenis, soos byvoorbeeld die Griekwas, bruin mense, prostitue, gays en wit jong mans.



Oor ANNA en ander andershede in die Afrikaanse leksikografie

Gouws, Rufus H. (Universiteit Stellenbosch)

Ook op leksikografiese gebied het Afrikaans en Nederlands 'n gedeelde verlede en gemeenskaplike woordeboektradisies wat steeds voortgesit word. In hierdie referaat is die fokus op aspekte van die neerslag wat die wisselwerking tussen Afrikaans en Nederlands in woordeboeke gekry het. 'n Blik word gebied op die ontwikkeling van die Afrikaanse leksikografiepraktyk, veral wat tweetalige woordeboeke betref, met besondere klem op daardie woordeboeke waarin Nederlands en Afrikaans as taalpaar optree. Dit word aangetoon dat daar van die heel vroegste tot en met die mees onlangse woordeboeke met hierdie taalpaar eiesoortighede, andershede en insiggewende leksikografiese vernuwing na vore getree het. Die verskuiwende rol van Afrikaans en die invloed van Engels op die leksikografiese toneel word kortliks bespreek. Verskillende woordeboeksoorte, verskillende benaderings en verskillende motiverings vir die daarstelling van hierdie woordeboeke wys op leksikografiese kreatiwiteit en die beskikbaarstelling van gebruikersgerigte woordeboeke.

Abstracts taalkunde

Elektroniese woordeboeke en die Afrikaanse gemeenskap

Luther, Jana en van Huyssteen, Gerhard (Noordwes-Universiteit)

Hierdie referaat bied 'n oorsig van die elektroniese Afrikaanse woordeboeklandskap, soos dit vandag daar uitsien. Ons lys die hoofspelers in die algemene (Suid-)Afrikaanse woordeboekmark en fokus dan spesifiek op woordeboek- en naslaaninhoud wat elektronies beskikbaar is.

Aan die hand van empiriese navorsing word twee sleutelkwessies bespreek:

1. **Markbehoeftes in die Afrikaanse gemeenskap:** Die hoofdoel van dié navorsing is om aan die hand van 'n vraelys die behoeftes ten opsigte van e-woordeboeke vas te stel deur te fokus op: (a) die tipes woordeboeke waaraan daar 'n behoefte is; en (b) gebruikers se bereidwilligheid om vir toegang tot dié woordeboektipes te betaal. Vrae wat met die navorsing beantwoord wil word, is:

- Wat is die effektiewe aanvraag na e-woordeboeke in verskillende marksegmente?
- Op watter soort toestelle raadpleeg gebruikers e-woordeboeke meestal?
- Verkies gebruikers bekende/vertroude bronne teen 'n premie, of onbekende bronne wat gratis is?

2. **Beskikbaarheid en gebruik van e-woordeboeke in die klaskamer:** Die hoofdoel van dié navorsing is om aan die hand van 'n vraelys en logleerontledings behoeftes en probleme van Afrikaansonderwysers en -leerders ten opsigte van woordeboekgebruik in skole vas te stel. Vrae wat met die navorsing beantwoord wil word, is:

- Het leerders voldoende toegang tot woordeboeke?
- Hoe gereeld word woordeboeke in die klaskamer geraadpleeg?
- Word papier- en/of elektroniese bronne gebruik/verkies?
- Vind leerders die inligting waarna hulle soek?

Ter afsluiting sal 'n beknopte oorsig gegee word oor hoe ons bevindinge die Virtuele Instituut vir Afrikaans se voortgaande woordeboek- en korpusprojekte beïnvloed en stuur.

Die korpusamestelling vir die skryf van 'n veeltalige funksiegebaseerde selfoonvakwoordeboek

van der Merwe, Michele en van der Merwe, Esmare (Universiteit Stellenbosch)

Die aanbieding het as onderwerp die samestelling van 'n veeltalige selfoonvakwoordeboek, met spesifieke verwysing na korpusamestelling gebruik tydens die woordeboekproses. In ooreenstemming met die onderwerp van die kollokium, naamlik *Afrikaanse woordeeskaf*, verken ons die totstandkoming van 'n selfoonvakwoordeboek in 'n ewig-veranderende tegnologiese omgewing. Neigings en ontwikkelings in tegnologie bied die geleentheid vir voortdurende verandering in leksikografie, ook betreffende die samestelling van vakwoordeboeke. Bergenholz and Bothma (2011: 60,61) beskryf verskeie e-inligtingshulpbronne en kom tot die gevolgtrekking dat papierprodukte nie aan verskeidenheid inligtingsbehoeftes van die gebruikers kan voldoen nie en dat moderne informasietegnologie baie beter in hierdie behoeftes voorsien.

Die hoofnavorsingsvraag in die aanbieding verwys na die versameling van vakverwante terminologie vir die vakgebied taalopvoeding. Die navorsingsmetodologie wat in die ondersoek gevvolg word, is 'n gedetailleerde analyse van 'n enkele kwessie teëgekom tydens die samestelling van MobiLex, 'n vakwoordeboek vir universiteitstudente in Opvoedkunde. Volgens Grover, Van Huysteen en Pretorius (2011) se nasionale oudit van taaltegnologie is Afrikaans verreweg die beste ontwikkelde taal in Suid-Afrika met betrekking tot tegnologie. Ten spyte van die leiersrol wat Afrikaans op taaltegnologiese gebied speel, is dit nie 'n uitgemaakte saak dat (elektroniese) bronne vir korpusamestelling vir 'n vakwoordeboek geredelik beskikbaar is nie. Tydens die aanbieding word verskillende bronne bespreek wat met die samestelling van 'n korpus vir MobiLex gebruik is, ook minder konvensionele elektroniese bronne, soos die gebruik van 'n woordeboekwiki deur teikengebruikers.

MobiLex is 'n pasgemaakte selfoonvakwoordeboek vir voorgraadse Opvoedkundestudente, in ooreenstemming met die "gebruikersperspektief" waar die gebruiker die fokus in die woordeboekproses is soos deur Wiegand (1998) beskryf. Bergenholz, Nielsen and Tarp (2009: 9) voer aan dat die voorkoms van elektroniese woordeboeke ondersteun funksiegebaseerde leksikografiese teorieë wat sentreer om woordeboeke en die woordeboekgebruikers, met die doel om woordeboeke daar te stel wat uitsluitlik aan die gebruiker se verlangde funksies voldoen. Daarom het die selfoonwoordeboek, benewens die vertaling van vakterminologie ook betekenisverklarings in Afrikaans, Engels en Xhosa.

Hierdie aanbieding sal aantoon hoe die korpusamestelling vir spesifiek die vakgebied taalopvoeding, gedoen word om woordeboekgebruikers en hulle spesifieke behoeftes te akkommodeer in die daarstelling van 'n selfoonwoordeboek.

Verwysings

- Bergenholtz,H., S.Nielsen en S.Tarp (Reds). 2009. *Lexicography at a Crossroad: Dictionaries and Encyclopedias Today, Lexicographica Tools Tomorrow*. Bern/Berlin/Bruxelles: Pieter Lang. (Studies in Language and Communication 90.)
- Bergenholtz,H. en Bothma, T.J.D. 2011. Needs-adapted data presentation in e-information tools. *Lexikos*, 53-77.
- Grover, A.S., G.B. van Huyssteen en M.W.Pretorius.2011. The South African Human Language Technology Audit. *Language Resources and Evaluation*Springer.
- Punch, K.F. en A.Oancea. 2014. *Introduction to Research Methods in Education*.London: Sage Publications.
- Wiegand, Herbert E. 1998. *Wörterbuchforschung. Untersuchungen zur Wörterbuchbenutzung, sur theorie, Geschichte, Kritik und Automatisierung der Lexikographie*. Berlin/New York: de Gruyter.



Twee corpus-gedreven woordenboeklinialen en Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal

de Schryver, Gilles-Maurice (Universiteit Gent) en Prinsloo, Danie (Universiteit van Pretoria)

Een multidimensionale woordenboekliniaal (De Schryver 2013) kan gebruikt worden om een bestaand woordenboek(project) op te meten, te evalueren, of te managen. Tijdens het samenstellen van linialen spelen corpora een cruciale rol. Voor het Afrikaans werd een dergelijk instrument een decennium terug voor het eerst samengesteld (Prinsloo & De Schryver 2002) en nadien gebruikt om het aan de gang zijnde *Woerdeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) te evalueren (toen t.e.m. de letter O). Dit leidde tot ontnuchterende bevindingen (Prinsloo & De Schryver 2003; De Schryver 2005a), die aanleiding gaven tot een hevige discussie in de wetenschappelijke literatuur (Botha 2004, 2005; De Schryver 2005b), en door Gouws (2012) bestempeld werden als een mooi voorbeeld van hoe de metalexicografie de discipline vooruit kan helpen.

Anderhalf decennium later, is het opportuun om de WAT opnieuw te evalueren (de letters P, Q, R en een stuk van S werden toegevoegd). Voor deze evaluatie wordt gebruik gemaakt van een verbeterde *multidimensionale liniaal*, alsook een tweede liniaal, met name een *woordsoortliniaal* (De Schryver 2013). Op het corpusfront wordt i.p.v. een corpus van 10 miljoen woorden nu gebruik gemaakt van een corpus van *enkele honderden miljoenen woorden*. Dat nieuwe corpus is ook *gelemmatiseerd*. Opnieuw wordt er aandacht geschonken aan zowel de macrostructurele aspecten (welke lemmata werden opgenomen, en is de keuze verdedigbaar?), als de microstructurele (wordt wat moet gezegd worden ook gezegd in elk woordenboekartikel, en dit op een evenwichtige manier?).

Voor een project dat ondertussen negen decennia oud is, kan dit soort corpus-gedreven evaluaties ons ook inzicht geven in de veranderingen die al dan niet zijn opgetreden sinds de aanstelling van Willem Botha als hoofdredacteur (in 2004), het makkelijker toegankelijk worden van de 4.5 miljoen WAT indexkaarten die ondertussen werden ingescand (in 2012), alsook het recent in gebruik nemen van de woordenboeksoftware TshwaneLex (in 2014).

Referenties

- Botha, W. 2004. When Theory meets Practice: A metalexicographic evaluation of the *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, which took its critics seriously. *Lexicographica: International Annual for Lexicography* 20: 330–336.
- Botha, W. 2005. Concurrent Over- and Under-treatment in Dictionaries. A Response. *International Journal of Lexicography* 18(1): 77–87.
- De Schryver, G-M. 2005a. Concurrent Over- and Under-Treatment in Dictionaries – The *Woerdeboek van die Afrikaanse Taal* as a Case in Point. *International Journal of Lexicography* 18(1): 47–75.
- De Schryver, G-M. 2005b. Concurrent Over- and Under-Treatment. A Short Reply. *International Journal of Lexicography* 18(1): 89–92.
- De Schryver, G-M. 2013. Tools to support the design of a macrostructure. In Gouws, R.H., U. Heid, W. Schweickard & H.E. Wiegand (eds.). 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography* (Handbooks of Linguistics and Communication Science, HSK 5.4): 1384–1395. Berlin: Walter de Gruyter.
- Gouws, R.H. 2012. Theoretical Lexicography and the International Journal of Lexicography. *International Journal of Lexicography* 25(4): 450–463.
- Prinsloo, D.J. & G-M de Schryver. 2002. Designing a Measurement Instrument for the Relative Length of Alphabetical Stretches in Dictionaries, with special reference to Afrikaans and English. In Braasch, A. & C. Povlsen (eds.). 2002. *Proceedings of the Tenth EURALEX International Congress, EURALEX 2002, Copenhagen, Denmark, August 13-17, 2002*. 483–494. Copenhagen: Center for Sprogteknologi, Københavns Universitet.
- Prinsloo, D.J. & G-M de Schryver. 2003. Effektiewe vordering met die *Woerdeboek van die Afrikaanse Taal* soos gemaat in terme van 'n multidimensionele Liniaal. In Botha, W. (ed.). 2003. *'n Man wat beur: Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*. 106–126. Stellenbosch: Bureau of the WAT.

Abstracts letterkunde

Kosmopolitanisme en die stad in *Al die lieflike dade* (2014) van Charl-Pierre Naudé

Visagie, Andries (Universiteit Stellenbosch)

In sy digbundel *Al die lieflike dade* skryf Charl-Pierre Naudé gereeld oor die stede wat hy besoek het, onder meer Algiers, Kaïro, Doha, Kaapstad en Antwerpen. In hierdie bundel, wat allerminds tot stadsgedigte beperk is, ontvou 'n visie wat 'n eiesoortige kosmopolitanisme as ideaal stel en groter diepte aan die reisindrukke van die digter verleen. Die rol van die stad in die ontstaan van die kosmopolitanisme gaan onder meer terug na die Griekse wysgeër Diogenes wat in 'n vraag na die stad van sy herkoms opgemerk het dat hy eerder 'n burger van die kosmos is (Ingram, 2016: 68). Jean-Jacques Rousseau het Parys as die kosmopolitaanse stad by uitstek beskou en krities opgemerk dat die kosmopolitaanse moraliteit van Parys inhoud dat die Europese kosmopolitaan die Turk halfpad aan die ander kant van wêreld teen sy hart druk sodat hy nie liefde aan sy buurman huis moet te betoon nie (Kremer, 2016: 33). Vir Charl-Pierre Naudé is veral Montesquieu egter die vertrekpunt van sy besinning oor "lieflike dade": dade word soms nie as goed of slech beoordeel nie, maar as mooi, groots of buitengewoon sodat etiese oorwegings vir eers buite rekening gehou word. In sy bundel gaan dit dus nie soseer oor die ontwikkeling van 'n onkreukbare kosmopolitaanse ideaal nie, maar eerder 'n bepeinsing van die morele slingerpad wat die insluiting van Afrika en ander nie-Europese wêrelddele by 'n ware kosmopolitanisme veronderstel. In die titelgedig word geweld byvoorbeeld betrek in 'n fantasie oor 'n speledag in Arkadië wat Afrika en Europa verbind:

[...] 'n Papegaai

gaan sit per ongeluk op 'n tere assegai

want hy voel vere; toe doen

almal dit met groot onderdrukte lawaai.

"Lank lewe Afrika, al die lieflike dade!"

(Ander kontinente is ewe pertinent).

Vanuit Naudé se stadsgedigte ondersoek hierdie referaat die kosmopolitanisme wat in *Al die lieflike dade* verbeel word met nadruk op die posisie van Afrika en die Afrikaanse digter binne 'n kosmopolitanisme wat nie tot Europese denke beperk is nie.



Die verhoudings tussen die menslike en die nie-menslike in Kaapstad, soos uitgebeeld in Siegfried (2007) deur Willem Anker

Burger, Bibi (Universiteit van Pretoria)

In *Siegfried* (2007), Willem Anker se debuutroman, word die ervarings van wat Marlene van Niekerk (2013:9) "a permanent South African psychosocial type", naamlik die hawelose persoon, uitgebeeld. Die titelkarakter se haweloosheid (en sy ervarings in Kaapstad as 'n hawelose persoon) word beïnvloed deur die feit dat hy liggamlik en verstandelik gestrem is. In hierdie opstel word sy ervarings, sowel as dié van die karakter Willem Smit, 'n hawelose alkoholiese skrywer, verken, met 'n spesifieke fokus op die verhoudings tussen hulle menslike liggame en nie-menslike voorwerpe, organismes en omgewings. Die antropoloog Daniel Miller (2010:50) voer aan dat mense in die algemeen nie besef watter belangrike rolle nie-menslike voorwerpe en organismes in hulle lewens speel nie, huis omdat die nie-menslike so suksesvol is in die beïnvloeding van ons lewens en ervarings. In die uiterste (maar algemene) geval van die hawelose persoon, word die verhoudings tussen die menslike en die nie-menslike duidelike – as iemand min besittings het, word elkeen vir hom of haar betekenisvol en die hawelose persoon het ook minder beheer oor sy of haar omgewing en dus ook minder vermoëns om hom- of haarself van die res van die wêreld te skei. In 'n opstel oor affekteorieë en die hawelose lewe beskryf Kathleen Stewart (2010:341) die hawelose lewe as "[a]n intimacy with the world's imperative". Dit is die uitbeelding van hierdie intimiteit in *Siegfried*, sowel as die filosofiese implikasies daarvan, wat in my opstel verken word. Myns insiens lê hierdie filosofiese implikasies veral in die manier waarop affek in die roman voorop geplaas word – op so 'n wyse dat die mens se afhanklikheid van, en interaksie met, die nie-menslike wêreld duidelik word. Ek vind dit veral interessant dat die natuur en nie-menslike natuur 'n belangrike rol speel in Kaapstad (soos wat dit in die roman uitgebeeld word), aangesien die natuur tradisioneel gekonsepsualiseer word as die teenpool van die stedelike.

"The city is going to bear witness": de afrofuturistische stad als ruimte van verzet in Lauren Beukes' *Moxyland* (2009)

Engels, Laura (Universiteit Gent)

Afrofuturisme neemt aan populariteit toe in het literaire landschap, zowel bij de Afrikaanse diaspora als in Afrika. Het is echter meer dan enkel maar een literaire stroming, maar eveneens een vorm van esthetiek en levensstijl waarin hoofdzakelijk aandacht wordt besteed aan de toekomst van een bevolkingsgroep die voorheen stemloos was. In Zuid-Afrika is er ook Afrofuturistische, speculatieve fictie terug te vinden waarin namen zoals Charlie Human, Lauren Beukes, Henriëtte-Rose Innes, Jan Rabie... belangrijk zijn. Hun romans tonen een grote betrokkenheid bij de problematisering van de wereld van morgen. "Moxyland" (2008) van Lauren Beukes is één van die verhalen. In deze lezing wordt aandacht besteed aan de weergave van de stedelijke ruimte in haar roman. De hoofdvraag is hoe een futuristisch Kaapstad een ruimte van verzet wordt voor bepaalde hoofdpersonages die door de hoogtechnologische samenleving zijn verstoten en naar de sociale onderlaag van de 'deconnected' zijn gedegradeerd. Doordat zij geen toegang meer hebben tot de media en communicatienetwerken, moeten zij noodgedwongen leven in de marges van de samenleving. Het enige dat ze kunnen doen is de fysieke stad heroveren om hun onvrede uit te drukken. De nadruk ligt op hoe Beukes zich de urbane setting toe-eigent en hoe ze die vervormt om zo de angsten en neuroses van een door technologie gedomineerde samenleving weer te geven. De beelden die hier onder andere onder de loep zullen worden genomen, zijn de bibliotheek, het ondergrondse station en de assimilatie van realiteit met de virtuele wereld.

De Voortrekker vrouw in de stad of de Zuid-Afrikaanse Nieuwe Vrouw

Drwal, Małgorzata (Adam Mickiewicz Universiteit)

Het concept van de Nieuwe Vrouw is door Sarah Grand geformuleerd in haar reeks artikelen die in *The North American Review* in 1894 zijn verschenen. Grand lanceerde er een model van de vrouw die zelfontplooiing nastreeft en bewust is van haar waarde. Daarbij neemt ze deel aan politieke en maatschappelijke discussies en is open voor internationale stromingen.

Het begin van de twintigste eeuw was in Zuid-Afrika een periode van moderniseringsprocessen van de samenleving, urbanisatie en industrialisatie. Steden fungeerden als trekpleister voor verarmde plattelandse bevolking, waaronder jonge vrouwen een grote groep uitmaakten. Veel jonge ongehuwde vrouwen vonden toen werk in textielindustrie, waar ook de eerste vakbewegingen ontstonden met een overwegend vrouwelijk lidmaatschap. De vakbond streefde naar de verbetering van leefomstandigheden van werksters, maar bood ook culturele activiteiten aan en gaf het tweetalige tijdschrift *Klerewerker/Garment Worker* uit waar o.a. literaire teksten (gedichten, kortverhalen, toneelstukken) werden gepubliceerd. Uit deze teksten duikt een nieuw maatschappelijk model van de moderne vrouw op – de bewoonster van de stad, activiste betrokken bij politiek en cultuur.

Bij de discussie van geselecteerde teksten uit het tijdschrift zal de klemtoon gelegd worden vooral op elementen van traditie en moderniteit die opgespoord kunnen worden bij het beeld van de vrouw in de stad. Daarbij zal ik proberen de vraag te beantwoorden in hoeverre de constructie van de Zuid-Afrikaanse moderne vrouw bij de Europese modellen van de Nieuwe Vrouw aansluit.



Die stad, die speurder en sosiale geografie van Suid-Afrika: die uitbeelding van sosiale identiteit in 'n stedelike konteks in die werk van Deon Meyer

van der Waal, Margriet (Universiteit van Groningen)

In my bydrae tot hierdie colloquium wil ek graag ingaan op die gesprek wat probeer sin maak van die Suid-Afrikaanse sosiale werklikheid - die land se komplekse "sosiale geografie" - soos dit "nou" ervaar word (cf. Nuttal, 2004). "The social" is 'n komplekse samestelling van verskillende, kompeterende subjekposisies wat, op hul beurt, weer komplekse samestellings is van spesifieke kombinasies van ras, geslag, etnisiteit, geloof, klas, ens. Hierdie subjekposisies - wat impliseer dat (burger)regte en pligte toegeken of opgeëis kan word deur lede van bepaalde groepe (cf. Isin, 2002 en 2008) - is histories gevorm: nie net deur apartheidsideologie en -praktyke nie, maar ook deur die spesifieke ruimtes (stedelik) waarin individue hulself bevind en wat hul handelingsmoontlikheid struktureer. Die kulturele voorstellings van spesifieke interaksies tussen mense en (stedelike) ruimtes en mense in (stedelike) ruimtes bied insig in die wyse waarop bestaande en moontlike sosiale identiteite en sosiale verhoudings (sg. sosiale pluriformiteit) voorgestel en ondersoek word (cf. Burger, 2016).

Die opkoms en populariteit van Suid-Afrikaanse genrefiksie, en veral die sg. misdaadromans en spanningsverhale (ook wel "*sunshine noir*" genoem) is daarom, met die oog op bogenoemde sosiale kompleksiteit, noemenswaardig omdat dit 'n fundamentele element van die Suid-Afrikaanse kondisie uitbeeld. De Kock stel voor om hierdie soort tekste te beskou as 'n manier om 'n "genuinely transformed social condition" bloot te lê (De Kock, 2016: 36), terwyl Comaroff en Comaroff stel dat tekste in hierdie genres voorbeeld is van "some of the most profound existential explorations of economy and society, citizenship and social being." (2016: 74)

My doel met hierdie bydrae is om te ondersoek hoe die werk van Deon Meyer - die sg. vader en koning van die Afrikaanse misdaadroman (cf. Le Roux en Buitendach, 2014:18) omgaan met hierdie "social condition" en die sogenaamde "genuine transformation" daarvan. Hoe gaan vertellers en karakters in Meyer se werk om met hul eie en ander se sosiale identiteit(e) - identiteit(e) wat die resultaat is van die omgang en interaksie (of gebrek daaraan) binne stedelike ruimtes? My bydrae sal verder ook kyk hoe die internasionale resepsie en veral die intermediale interpretasie van Meyer se roman *Feniks* (die Duits/Europese televisiereeks "Cape Town", 2015) die transnasionale gesprek oor Suid-Afrikaanse sosiale identiteit voortsit (as deel van 'n gesprek oor die vrees vir misdaad en die ervaring van misdaad - wat kenmerkend geword het van veral die stedelike sosiale geografie). Hierdie komparatiewe element sal duidelik maak dat die konstruksie, voorstelling, en interpretasie van sosiale identiteit (waar ook al) die resultaat is van komplekse transnasionale netwerke en "flows" (cf. Appadurai, 1996).

Verwysings

- Appadurai, Arjun (1996). *Modernity At Large: Cultural Dimensions of Globalization*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Burger, Barbara (2016). "'n Geokrities-Vergelykende Analise van Afrikaans-en Engelstalige Suid-Afrikaanse Stedelike Romans". Proefskerif. Universiteit van Stellenbosch
- Comaroff, Jean en John L. Comaroff (2016). *The Truth about Crime*. University of Chicago Press.
- De Kock, Leon (2016). *Losing the plot: crime, reality and fiction in Postapartheid Writing*. WITS University Press.
- Isin, Engin F. (2002) *Being Political*. University of Minnesota Press.
- Isin, Engin F. (2008) "Theorizing Acts of Citizenship", in *Acts of Citizenship*. Geredigeer deur Engin F. Isin en Greg M. Nielsen. Zed Books, pp. 15-43.
- Nuttall, Sarah (2004). "City forms and writing the 'now 'South Africa", *Journal of Southern African Studies* 30 (4): 731-748.

Stad, ekosofie en kennisekologieë in die prosa-oeuvre van Marlene van Niekerk

Loots, Sonja (University of Cape Town)

"Hoe het ek siek geword? Waar het dit begin? En hoekom? Is dit my huis se skuld? My stad?" wonder Frederikus Wiid in *Memorandum* oor die stad Parow (Van Niekerk & van Zyl 2006: 97). My referaat kontekstualiseer sy problematisering van die stad waarin hy woon as moontlike rede vir sy siekte; en verduidelik dat dit verband hou met hoe die stad in hierdie roman vanuit 'n ekosofiese hoek herverbeeld word. Felix Guattari (1996) se konsep "ekosofie" word gebruik as teoretiese raamwerk om die implikasies van die wisselwerking tussen stad en natuur na te speur. Ek wys uit hoe die "doolhof derms" waaruit die god Humbaba se gesig bestaan, die ingewande waarmee Etruskiese "ingewandswiggelaars" hulle besig gehou het en die organe in Wiid se buikholte met die onherbergsame stad se verkeersnetwerk skakel. Oorweging word geskenk aan die spysverteringskanaal en neusmaagbuis as biologiese ekwivalente van tonnels en deurvloeipype in die stad; en aan die reseksie van Wiid se dikderm as variasie op die (her)oprigting van 'n stedelike kennisutopie. Hierdie oorvleuelende metafore word herlei na Y se opinie dat begrip van die heelal eerder in "die liggaam" gesoek moet word as in die stad (Van Niekerk & van Zyl 2006: 94). Biologiese en natuurbeelde as teenhangers van die stad word voorts aan die hand van Guattari en ekosofiese terminologie interpreteer as maniere waarop die teks op "transversale" wyse vluglyne vestig en die stad "deterritorialiseer". Hoewel *Memorandum* die vernoomste fokus vorm van my referaat, sal ek ook verwys na ekosofiese representasies van Johannesburg en Amsterdam in *Triomfen Sneeuslaper*.

Wifi-informatie

Gebruikersnaam/Login:	guestColloq
Wachtwoord>Password:	obJdEcg4
Geldig op	11 oktober 2017

Hoe gebruiken?

Maak een draadloze verbinding met "UGentGuest". Zorg er wel voor dat uw computer zo ingesteld staat dat er automatisch een IP adres bekomen wordt. U krijgt dan een IP adres dat start met 193.190.8x.

Vanaf nu bent u wel geconnecteerd, maar krijgt u nog geen toegang. Start nu een webbrowser en begin te surfen naar <http://www.ugent.be>. U wordt omgeleid naar de login-pagina van UGentGuest, waar u inlogt met de gebruikersnaam en het wachtwoord zoals hierboven vermeld.

Na correcte authenticatie kunt u gebruik maken van de Internet-toegang.

Let wel, deze toegang is niet ge-encrypteerd. Om je persoonlijke data te beschermen, gebruikt u ge-encrypteerde connecties zoals https, imaps, ssh e.d. of een VPN client.

Het is uiteraard niet toegestaan loginnaam en wachtwoord door te geven aan anderen.

Deelnemerslijst

Naam	Instelling	e-mailadres
Breed, Adri	Noordwes-Universiteit	adri.breed@nwu.ac.za
Burger, Bibi	University of Pretoria	bibi.burger@up.ac.za
Coenen, Pauline	Universiteit Gent	paulinecoenen@hotmail.com
de lange, Alex		Alexdel@dds.nl
De Meyere, Ireen		ireendemeyere@gmail.com
De Ridder, Annelien	Universiteit Gent	annelien.deridder@hotmail.com
de Schryver, Gilles-Maurice	Universiteit Gent	gillesmaurice.deschryver@ugent.be
de Vries, Loes	Leeskring Zuid-Afrikahuis Amsterdam	dlddevries@terkeurst.nl
Delaby, Gauthier	Universiteit Gent	gauthier.delaby@ugent.be
Demarée, Fien	Universiteit Gent	fien.demaree@ugent.be
Depoorter, Lieze	Universiteit Gent	lieze.depoorter@ugent.be
Dirix, Peter	KU Leuven – CCL	peter.dirix@ccl.kuleuven.be
Donner, Jan	Zuid-Afrikahuis	j.donner@outlook.com
Drwal, Małgorzata	Adam Mickiewicz Universiteit	mdrwal@wa.amu.edu.pl
Engels, Laura	Universiteit Gent	Laura.Engels@UGent.be
Foster, Ronel	Universiteit Stellenbosch	rf@sun.ac.za
Francken, Eep	Universiteit leiden	a.a.p.francken@hum.leidenuniv.nl
Gouws, Rufus	Universiteit Stellenbosch	rhg@sun.ac.za
Haché, Emma	Universiteit Gent	emma.hache97@gmail.com
Judo, Frank	Vlaams Zuid-Afrikaanse Vereniging	f.judo@liedekerke.com
Koffman, De Niro	Leiden University	dmvkoffman@gmail.com
Kraan, Tiny	ASC	cath.kraan@hotmail.com
Lambrecht, Eva	Universiteit Gent	eva.lambrecht@hotmail.com
Laros, Ted	Open Universiteit (NL) & Universitaet Duisburg-Essen	ted.laros@ou.nl
Laureys, Marthe	Universiteit Gent	marthalaureys@hotmail.com
Lefèvre, Aulikki	Universiteit Gent	aulikki.lefevre@ugent.be



Lingier, Céline	Universiteit Gent	clin@live.be
Loots, Sonja	University of Cape Town	sonja.loots@uct.ac.za.
Louw, Phillip	Oxford University Press Southern Africa	phillip.louw@oup.com
Luther, Jana	Virtuele Instituut vir Afrikaans / Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal	jana@viva-afrikaans.org
Meulemans, Herman	Universiteit Antwerpen	herman.meulemans@uantwerpen.be
Moens, Jules	Universiteit Gent	Jules.Moens@UGent.be
Mooijaart, Marijke		marijke.mooijaart@planet.nl
Nel, Monet	Universiteit Gent en Stellenbosch Universiteit	monetnel@gmail.com
Pieters, Ebenesia	Die Universiteit van Wes-Kaapland	3225547@myuwc.ac.za
Reinken, Wolfgang		wolfgang.reinken@t-online.de
Rens, Dario	Universiteit Gent	dariorens@hotmail.com
Ryckbosch, Robbe	Universiteit Gent	Robbe.ryckbosch@gmail.com
Schets, Zoë	Universiteit Gent	zoe.schets@ugent.be
Seghers, Elke	Universiteit Gent	Elke.Seghers@UGent.be
Sterckx, Jo	Nederlandse Taalunie	jsterckx@taalunie.org
T'Sjoen, Yves	Universiteit Gent	Yves.TSjoen@UGent.be
Tollens, Lauren	Universiteit Gent	lauren.tollens@ugent.be
van den Berg, Guido	Zuid-Afrikahuis	vandenberg@zuidafrikahuis.nl
Van den Borre, Lise	Universiteit Gent	Lise.VandenBorre@UGent.be
van der Merwe, Esmare	Universiteit Stellenbosch	vdm@sun.ac.za
Van der Merwe, Michele	Stellenbosch Universiteit	michelevdm@sun.ac.za
van der Waal, Margriet	Universiteit van Amsterdam/Rijksuniversiteit Groningen	m.c.van.der.waal@rug.nl
Van Gorp, Tine	Universiteit Gent	tine.vangorp@ugent.be
van Huyssteen, Gerhard	Noordwes-Universiteit	Gerhard.vanhuyssteen@nwu.ac.za



Van Keymeulen, Jacques	Universiteit Gent	Jacques.VanKeymeulen@UGent.be
van Rooyen, Suné	Die Universiteit van Wes-Kaapland	3069744@myuwc.ac.za
van Schalkwyk, Lin	Universiteit van Tilburg	vanschalkwyklin@gmail.com
Vanlangendonck, Charlotte	Universiteit Gent	charlotte.vanlangendonck@ugent.be
Verdoolaege, Annelies	Universiteit Gent	Annelies.Verdoolaege@UGent.be
Verreet, Inga		ingaveronika@icloud.com
Visagie, Andries	Universiteit Stellenbosch	agvisagie@sun.ac.za
Vitackova, Martina	Universiteit van Pretoria	m.vitackova@gmail.com
Willemse, Hein	University of Pretoria	hein.willemse@up.ac.za
Wittevrongel, Arne	Universiteit Gent	arne.wittevrongel@ugent.be